## Potchefstroom Dienssentrum

# JAARVERSLAG

2025 - 2026




Chris Hani-rylaan 90, Potchefstroom

018 293 0678

admin@dienssentrum.co.za

Potch Dienssentrum

potch_dienssentrum

http://potchdienssentrum.co.za

POTCHEFSTROOM Dienssentrum Service Centre

Welsynstatus: 002-071 NPO

# GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

Gedurende 1982 is die eerste internasionale jaar vir ouer persone gevier. Wêreldwyd is 'n oproep gedoen vir meer gemeenskapsdienste om ouer persone in staat te stel om so lank moontlik onafhanklik en selfstandig in die gemeenskap te bly. Uit die Studente Gemeenskapsdiens van die PU vir CHO (nou NWU, Potchefstroomkampus), is dienste aan ouer persone van Potchefstroom begin. Op Dinsdag 3 Augustus 1982 het die Mooirivierklub-byeenkoms ontstaan wat 'n jaar later op 1 Oktober 1983 gelei het tot die vestiging van die dienssentrum.

## MISSIE

1. Om die beste bejaardesorgdienste in Potchefstroom te lewer.
2. Om die mees koste-effektiewe, kwaliteitdienste te lewer.
3. Om kliënttevredenheid te waarborg.
4. Om dienste met deernis te lewer.

## DOELSTELLING

Om ondersteunende hulpdienste aan ouer persone te lewer ten einde ouer persone in staat te stel om so lank as moontlik selfstandig en aktief in hul eie wonings in die gemeenskap te kan bly woon.

# BEHEERRAAD 2026 - 2029



**Links Agter**: Jaco Esterhuysen, ds. Sanrè Benade, dr. Sanet Jv Rensburg, Wendri Eloff, Francois vd Walt, prof. Grieta Hanekom, Raadt Rademeyer, prof. Herman Strydom

**Links voor**: Corrie Venter, Willem Jooste (voorsitter), Aletta Steyn, Gerda Deacon

**Afwesig in foto**: Hannelie Erasmus, Willie Bezuidenhout, Regardo Bornman, Louis du Plessis, Marietha Oelofse, Chris Hatting

## FINANSIËLE KOMITEE

Die finansiële komitee kontroleer maandeliks die finansiële state van die dienssentrum, keur jaarliks 'n begroting goed en sien toe dat die dienssentrum finansieel gesond bestuur word.

Lede van die finansiële komitee is soos volg: Jaco Esterhuysen (voorsitter); Bobby Leach; Chris Hattingh; Gerrie Cloete; Corrie Venter; Willem Jooste; Willie Bezuidenhout; Raadt Rademeyer; Francois van der Walt; Sanet Jansen van Rensburg; Carla Maritz; Ananda Beukman en Cecil Bezuidenhout.

## DIENSTEKOMITTEE

Die dienstekomitee vergader kwartaalliks om verslag te ontvang oor die dienste wat deur die personeel gelewer word, doelwitte te evalueer en raad en advies aan die personeel te gee.

Lede van die dienstekomitee vir 2026/2029 is: Christa van der Walt; Grieta Hanekom; Anita Dippenaar; Marietha Oelofse (voorsitter); Herman Strydom; Annemarie van Wyk; Corrie Venter; Sanré Benadé; Gerda Deacon; Hannelie Erasmus; Aletta Steyn; Carla Maritz; Cecil Bezuidenhout; Sanet Jv Rensburg; Ananda Beukman; Cilia du Plessis; Madelie Nieuwoudt en Betsie vd Westhuizen.

## BESTUUR

Die bestuur van die dienssentrum bestaan uit vyf topbestuurslede en vier afdelingshoofde.



**Sanet Jv Rensburg**
DIREKTEUR

TOP BESTUUR




**Cecil Bezuidenhoud**
BEDRYFS-BESTUURDER



**Carla Maritz**
ADMIN FINANSIËLE BESTUURDER



**Ananda Beukman**
DIENSTE BESTUURDER



**Vakant**
DE LAND BESTUURDER

AFDELINGSHOOFDE



**Cilia du Plessis**
LOGISTIEK



**Elizma Ferreira**
VOEDSEL-EENHEIDSBESTUURDER



**Madelie Nieuwoudt**
AKTIWITEITS-KOÖRDINEERDER



**Betsie vd Westhuizen**
MAATSKAPLIKE WERKER

## PERSONEEL

Die dienssentrum spog met 'n personeelspan van 97 voltydse personeel. Daar is 52 versorgers in diens van die dienssentrum. Sonder die passievolle personeel, kan geen diens met deernis aan die teikengroep gelewer word nie.

## LIDMAATSKAP

Die finansiële jaar 2025 – 2026 word afgesluit met 1 297 opbetaalde lede.

# PROFIEL VAN ONS LEDE

Ouderdomme:

| | |
|---|---|
| Jonger as 60 jaar - | 2% |
| 60 – 64 jaar - | 6% |
| 65 – 69 jaar - | 12% |
| 70 – 79 jaar - | 39% |
| 80 – 89 jaar - | 35% |
| 90 jaar en ouer - | 6% |



## DIENSTE

Die ondersteuningsdienste van Potchefstroom Dienssentrum is daarop gemik om ouer persone van Potchefstroom te help om so lank moontlik onafhanklik binne die gemeenskap te bly funksioneer.

# 2025 - 2026

| | |
|---|---|
| Aanry-etes | - 23 770 etes |
| De Land | - 12 167 etes |
| Gemeenskap | - 98 299 etes |
| Kliniekdienste | - 505 kliënte |
| Maatskaplike werk | - 320 kliënte |
| Rolstoelvervoer | - 11 kliënte |
| Sosialisering | - 813 persone |

| | |
|---|---|
| Tuinhulp | - 35 kliënte |
| Tuishulp | - 126 kliënte |
| Tuisverpleging | - 51 pasiënte |
| Tuisversorging | - 95 pasiënte |
| Vervoer | - 248 kliënte |
| Voetsorg | - 400 kliënte |



## GROEPE

Verliesbegeleidings-, Parkinson- en bemagtigingsprogramme vir afgetrede vrywilligers, asook personeel, is aangebied.

## SOSIALE AKTIWITEITE

Aktiewe veroudering beteken om oud te word op 'n manier wat gesond, betekenisvol en vervullend is. Dit behels fisiese aktiwiteite, sosiale betrokkenheid en geestelike stimulasie. Kortliks, aktiewe veroudering beteken om jouself te versorg, in kontak te bly met ander en aanhou leer en geniet, sodat jy oud word met energie en vreugde. Hier is al die aktiwiteite wat deur die dienssentrum aangebied is met die aantal lede by elke aktiwiteit.

| Aktiwiteite | 2025/26 | Aktiwiteite | 2025/2026 |
|---|---|---|---|
| Biokinetika Oefening | 54 | Brei klub | 26 |
| Boekklub | 13 | Bybelstudie | 27 |
| Bokmakierie Voëlkykklub | 25 | Dans sit sit so | 48 |
| Brug | 27 | Geestelike gesprek | 97 |
| Canasta | 27 | Klubbyeenkomste | 417 |
| Gouejare Woorduur | 33 | Militêre geskiedenis | 44 |
| Kuierklets Inspirasie | 17 | Rummikub | 25 |
| Lyndans | 37 | Stapklub | 15 |
| Mooirivier Sanggroep | 56 | Storie uur | 16 |
| Mooirivierklub | 362 | Verfklas | 19 |
| Sit Sit So | 41 | Vrydag praatjies | 82 |
| Skaak | 30 | Uitstappies | 219 |
| Sterk en Stewig | 38 | Volkspele | 39 |
| Toere | 30 | Vrydag Oefening | 17 |
| Totaal 1881 | | | |

## MOOIRIVIERKLUB BESTUUR

## 2026 - 2029



Links Agter: Jacolette Laubscher, Jordi Mentz, Beverley van der Heever, Christa van der Walt, Anita Dippenaar
Links voor: Ronel Smit, Aletta Steyn (Voorsitter), Lawren Oelofse

Hierdie kosbare vrywilligers sien primêr toe dat alles Dinsdae rondom die Mooirivier klubbyeenkoms vlot verloop.

## DE LAND 55+ ESTATE

Op 6 Augustus 2018 word die kontrak deur Potchefstroom Dienssentrum onderteken as amptelike diensverskaffer vir de Land 55+ Estate. Die amptelike inwyding van de Land was 11 April 2019. De Skuur Restaurant word vanaf 15 Maart 2019 bedryf en die eerste inwoners van de Opstal ondersteunende sorg trek in op 30 Maart 2019. Die eerste inwoners in die Sorgsentrum word op 14 Mei 2019 ingeneem. Op 31 Maart 2026 was daar 201 inwoners in de Hoek; de Landsorg; Sorgsentrum; Uitspan; Weltevrede en Welverdiend.
185 persone van de Land 55+ het gebruik gemaak van die dienste wat die dienssentrum bied.



## VRYWILLIGERS

Gedurende die verslagjaar was 181 vrywilligers vir ongeveer 9 620 ure by die dienssentrum betrokke. Ons waardeer opreg die tyd, kundigheid, gawes en talente wat julle tot beskikking van die dienssentrum gestel het. Julle betrokkenheid stel die personeel in staat om 'n wyer reeks kwaliteit dienste te lewer.

## BEHUISING

Die dienssentrum is trots op die eiendom van drie huise en 13 woonstelle wat nagenoeg 28 ouer persone huisves.

## FONDSWERWING

### FONDSWERWINGSPROJEKTE

Projekte wat plaasgevind het, was onder andere die Basaar; Kry en Ry Basaar; Sprankeltee; Gholfdag; Wynfees; Bierkarnaval; gereelde pannekoekverkope en markdae by de Land.

### DONASIES

Die afgelope jaar is weereens gekenmerk met borge en donateurs wat die dienssentrum finansieel gedra het. Skenkers het ook goedere en produkte geskenk wat die omvang van ons dienste in stand gehou het.

### PROJEKTE SONDER WINSMOTIEF

Die dienssentrum se Leraarsontbyt; Dankiesê-funksie vir donateurs en vrywilligers, Welwees Basaar en 'n Kersete.

### GEMEENSKAPSPROJEKTE

SASSA (South African Social Security Agency)
Sedert Mei 2011 stel die dienssentrum 'n lokaal gratis beskikbaar vir persone wat aansoek wil doen vir 'n ouderdomspensioen en navraag wil doen oor hernuwings. Altesaam 971 persone het die finansiële jaar van die diens gebruik gemaak.

## STUDENTE

Dieetkunde - , verpleeg - en 'n maatskaplike werkstudent van die Noordwes-Universiteit het hul internskap en praktiese ure vir die verslagjaar by die dienssentrum gedoen.

## HOOGTEPUNTE

- De Skuur Restaurant is genomineer vir Best of Potch in die kategorie *Eat and Drink*.
- Twee nuwe voertuie is op 30 Mei aangekoop om ons dienslewering moontlik te maak.
- 'n Nuwe Clear View-omheining is by die dienssentrum opgerig om sekuriteit te verbeter.
- Ons fondsinsamelingsprojekte was deurgaans baie suksesvol en het 'n waardevolle bydrae tot die dienssentrum se volhoubaarheid gelewer.
- Danksy goeie finansiële bestuur en suksesvolle fondsinsameling, het ons oor voldoende fondse beskik om noodsaaklike dienste te lewer, asook om ons geboue en toerusting behoorlik in stand te hou.

## DANKIE

Met diepe waardering spreek ons ons opregte dank uit vir elke onbaatsugtige bydrae wat ons gedurende die jaar van donateurs en borge ontvang het. Die vrywilligers se toegewydheid, hulp en diens was werklik van onskatbare waarde. Potchefstroom se kosbare gemeenskap – elke bydrae, ongeag hoe groot of klein – het 'n tasbare verskil gemaak. Julle volgehoue betrokkenheid by die dienssentrum en vertroue in die personeel, beteken vir ons meer as wat woorde kan uitdruk.

Baie dankie aan die ongelooflike personeelspan vir jul toewyding, omgee en harde werk. Julle maak elke dag 'n verskil in die lewens van ons teikengroep.



## FINANSIES

## 1 APRIL 2025 - 31 MAART 2026

## INKOMSTE: R 27 006 787

| BRONNE VAN INKOMSTE | 2021/22 | 2022/23 | 2023/24 | 2024/25 | 2025/26 |
|---|---|---|---|---|---|
| Betaling vir dienste | 77% | 75% | 78% | 75% | 79% |
| Fondswerwingsprojekte | 6% | 7% | 6% | 8% | 7% |
| Donasies en skenkings | 6% | 2% | 4% | 1% | 1% |
| Ledegeld | 2% | 2% | 2% | 2% | 2% |
| Sosialisering | 2% | 5% | 2% | 5% | 2% |
| Huurinkomste | 7% | 9% | 8% | 8% | 8% |
| Rente Inkomste | 0% | 0% | 0% | 1% | 1% |

## UITGAWES: R 25 167 402.22

| Uitgawes | 2021/22 | 2022/23 | 2023/24 | 2024/25 | 2025/26 |
|---|---|---|---|---|---|
| Personeel | 54% | 51% | 54% | 52% | 55% |
| Professionele dienste | 1% | 1% | 1% | 1% | 1% |
| Onderhoud, grond en geboue | 7% | 4% | 3% | 2% | 2% |
| Vervoer en kantoor | 19% | 20% | 22% | 22% | 19% |
| Huishoudelik | 19% | 24% | 20% | 22% | 22% |
| Rente Uitgawes | 0% | 0% | 0% | 1% | 1% |

## BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 2026

| BATES | 2026 | 2025 | 2024 |
|---|---|---|---|
| NIE-BEDRYFSBATES | 23 938 649 | 23 880 749 | 23 629 742 |
| BEDRYFSBATES | 6 726 935 | 4 653 166 | 2 610 041 |
| | **30 665 584** | **28 553 915** | **26 239 783** |
| KAPITAAL EN LASTE | | | |
| Kapitaal en reserwes | 26 399 360 | 24 502 077 | 21 783 405 |
| Laste | 4 266 224 | 4 031 838 | 4 456 378 |
| Totale kapitaal en laste | **30 665 584** | **28 533 915** | **26 239 783** |
| Nie-bedryfslaste | 2 869 284 | 2 890 935 | 3 532 746 |
| Bedryfslaste | 1 396 940 | 1 140 903 | 923 632 |